

**Vrydag 23 September**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:20-34, 45-49**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:28 (AFR83)**

**'n Nuwe begin**

Die wonderlike eienskap van 'n spieël is dat dit in sy wese is om vol te word van dit waarnatoe hy wys. Indien jy 'n spieël voor 'n monster hou, dan word die spieël vol van die wreedheid en afskuwelikheid van die monster. Maar wanneer jy daardie selfde spieël voor 'n prinses hou, dan word dit gevul met die skoonheid en sagtheid van die prinses.

In 'n sekere sin gebeur dieselfde met ons. Dit waarnatoe ons ons lewens draai, daarmee sal ons lewens vol word. Indien ek fokus op my loopbaan, sal my hele lewe later daarvoor gaan om 'n goeie loopbaan vir myself te bewerk. Die gevolg is dat daardie monster in my tevoorskyn sal kom, naamlik om op die mense te trap wat in die pad staan van my sukses. Indien dit geld is waarnatoe ons draai, dan sal ons alles meet aan rand en sent. Ons sal baklei vir elke sent wat ons kan kry.

Net soos 'n spieël, het God ons gemaak om na Hom toe te draai sodat ons vol kan word van sy heerlikheid, liefde, genade en skoonheid. Sy beeld moet in ons tevoorskyn kom (vgl. vs 49).

Met die sondeval van die eerste Adam het ongehoorsaamheid begin. Die mens het gekies om sy lewe vol te maak met aardse goed wat tot groot boosheid lei, en daarom is die einde daarvan die dood. Om bevry te kon word uit die mag van die dood, moes iemand met volmaakte gehoorsaamheid 'n einde maak aan die ongehoorsaamheid van Adam.

Daarom, indien ons terugkyk oor die afgelope vyf jaar van ons lewens, dan moet ons kan sien hoe ons meer eerlik is, kritiek beter kan hanteer, geduldiger is, vrygewiger is met ons geld, meer vergewensgesind is, minder angstig en meer dapper is. Dit is alles tekens van die opstandingskrag van Christus in ons lewens. Indien dit nie merkwaardig sigbaar is nie, beteken dit dat ons te min voor die aangesig van God kom.

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2*

*Dr. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)*